# Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 'n Vrywillige vereniging of 'n vereniging sui generis?

**S H Gregan**
**Technikon SA**

**Abstract**

**The Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: A voluntary association or an association *sui generis*?**

*The Nederduitsch Hervormde Kerk is seen as a voluntary association in South African law which is founded on a contractual basis. Recent case law has re-affirmed this fact. This was not always the case. Earlier case law referred to the church as a legal person (**universitas**). Because of the influence of English law and also the role of De Mist in the Cape during the nineteenth century, the courts have adopted the view that the church is a voluntary association. The Nederduitsch Hervormde Kerk, however, disagrees with this view of the courts. According to the the Nederduitsch Hervormde Kerk, one cannot simply talk of 'voluntariness' when membership of the church is at stake. The church is also not found on a contractual basis; Christ brought it together. The church is the communion of saints, because the believers, being members of the body of Jesus Christ, share in Christ and all He has. Recently an English court found that a church had the power to decide whether a preacher (rabbi) was fit to be a preacher and declared that the court will not interfere in such matters. This case could help to convince South African courts that the church differs from the ordinary voluntary association. The Nederduitsch Hervormde Kerk also has the task to convince the courts in this regard and should be adamant in its stance that it should not be considered as a voluntary association, but rather as an association sui generis.*

## 1. INLEIDING

Die kerk in die algemeen, en gevolglik ook die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika word deur die reg as 'n *vrywillige vereniging* beskou. Dit is veral in die veld van die verenigingsreg en die administratiefreg dat die kerk as vereniging ter sprake kom, veral waar dit gaan oor die aard van die kerk en oor die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid. Die uitgangspunt dat die kerk 'n 'vrywillige' vereniging is, is onlangs herbevestig in die saak van *Jacobs v Old Apostolic Church of*

*Africa and Another*, 'n beslissing in die Transkeise Hooggeregshof. Die hof stel byvoorbeeld dat die betrokke kerk '...being a voluntary association...' (173), op 'n kontraktuele basis saamgestel is. Dit word gevolglik al as vanselfsprekend aanvaar om na die kerk as 'n vrywillige vereniging te verwys. Die meer bekende saak in hierdie verband is *Theron v Ring van Wellington van die NG Sendingkerk in SA*, 'n beslissing wat deur Suid-Afrikaanse regskrywers as 'n baanbrekers-beslissing beskou word, en waarin die uitgangspunt ook deurgaans gehandhaaf is dat die kerk 'n vrywillige vereniging is.

Die kerk, en veral die Nederduitsch Hervormde Kerk het bepaalde probleme met hierdie uitgangspunt van die howe. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het homself nog nooit as 'n vrywillige vereniging gesien nie en verskil in aard en wese ingrypend van die gewone wêreldlike vrywillige vereniging. Dit is gevolglik essensieel dat die vraag na die aard en wese van die kerk in die algemeen, asook die aard en wese van die Nederduitsch Hervormde Kerk uitgemaak sal word. Die vraag wat beantwoord moet word, is of die Nederduitsch Hervormde Kerk nie eerder as 'n vereniging *sui generis* beskou moet word nie. Indien wel, kan dit tot gevolg hê dat die howe in die toekoms met 'n ander bril na die Nederduitsch Hervormde Kerk kyk - nie maar net nóg 'n vrywillige vereniging nie, maar 'n unieke, eiesoortige, (*sui generis*) vereniging, wat homself onderskei van die gewone wêreldlike vereniging.

## 2. DIE UITGANGSPUNT VAN DIE REG

### 2.1 Die kerk as regspersoon

Die reg neem kennis van die wyse waarop die mens aan die regsverkeer deelneem. Die mens kan as indiwidu of in groepverband aan die regsverkeer deelneem. Wat laasgenoemde betref, kan die groep onder meer as vereniging sónder regspersoonlikheid ('n vennootskap) optree. Die belangrike hier is dat die indiwidue wat die vennootskap uitmaak, steeds persoonlik aanspreeklik gehou word vir die gevolge van hulle optredes. Dit is ook moontlik dat die groep só kan optree dat die indiwiduele lede nie aanspreeklik gehou word vir die gevolge van hulle optredes nie, en dat die vereniging as 'n entiteit afsonderlik van die indiwiduele lede beskou word ('n regspersoon). Dit is geykte reg dat 'n regspersoon en 'n natuurlike persoon (die mens) die enigste regsfigure is wat as regsubjekte aan die regsverkeer deelneem (Pienaar 1982:4). Onder regspersone word 'n onderskeid gemaak tussen statutêre regspersone (soos maatskappye) en gemeenregtelike regspersone (soos kerke en klubs; Pienaar 1982:5).

In die saak van *The Nederduitsch Hervormde Congregation of Standerton v The Nederduitsch Hervormde or Gereformeerde Congregation of Standerton* het hoofregter Kotzé na die Kerk as 'n vereniging en 'n *universitas* verwys toe die *locus standi* van die eisers en die feit dat die aksie in die naam van die Kerk ingestel is, ter sprake was. Die hof het beslis dat 'n besluit om 'n gemeente te ontbind en dit te laat verenig met 'n ander nie deur 'n meerderheidstem geneem kan word nie - so 'n besluit is trouens *ultra vires* (82). By implikasie het die hof dus beslis dat dit net afdwingbaar kan wees indien al die lidmate daartoe toestem. Indien almal nie daartoe toestem nie, bly diesulkes voortbestaan as gemeente (en dus as regspersoon).

'n Regspersoon (*universitas*) is dus 'n entiteit wat:

* afsonderlik van die lede waaruit hy saamgestel is, bestaan (Cilliers & Benade 1987:6);
* ewigdurende opvolging het (Joubert 1976:185; Oelofse [1981]:49); en
* die bevoegdheid het om regte te verkry en verpligtinge aan te gaan afsonderlik van die lede daarvan, en dat sulke regte en verpligtinge vir die entiteit as geheel verkry word en nie vir individuele lede nie (Joubert 1976:186; Bamford 1971:105).

In hierdie referaat word nie verder op die vraag ingegaan of die kerk 'n regspersoon eerder as 'n vrywillige vereniging is nie, omdat dit algemeen aanvaar word dat die kerk in die regsverkeer *qua* regspersoon (verenigingsregspersoon) optree (Pienaar 1984:5). Dat die Nederduitsch Hervormde Kerk ook nie bloot as 'n regspersoon beskou behoort te word nie, sal in elk geval uit die unieke aard en funksionering van die Nederduitsch Hervormde Kerk blyk.

### 2.2 Die kerk as vrywillige vereniging

In die regspraak het dit veral in die jongste tyd na vore gekom om die kerk nie meer as gemeenregtelike regspersoon nie, maar as 'n vrywillige vereniging te beskou. So verklaar appèlregter Jansen in *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* dat kerke in die algemeen 'nog altyd as sodanige genootskappe' (vrywillige verenigings) behandel is (25). Die rede vir hierdie klemverskuiwing kan toegeskryf word aan verskeie faktore. Die grootste rede is die Engelsregtelike beïnvloeding (Pienaar 1982:171-176). In die *Theron*-saak word na hierdie feit verwys (26), sonder om die besware van kerkregtelike skrywers daaroor te behandel.

Die Engelse reg onderskei tussen 'incorporated associations', wat regspersone is, en 'unincorporated associations', wat met vrywillige verenigings ooreenstem. Laasgenoemde is nie regspersone nie, maar wel kontraktuele verhoudings wat tussen 'n aantal persone as lede van hierdie verenigings ontstaan (Pienaar 1984:35).

Die genootskapsgedagte (vrywillige vereniging) kan voorts teruggevoer word na De Mist se *Kerkorde* (Pont 1991:191; Pienaar 1984:35). De Mist se *Kerkorde* van 1804 het onder andere ingehou dat die kerk niks anders as 'n gewone menslike vereniging is nie. De Mist se *Kerkorde* vind neerslag in Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap). In artikel 8 van die Ordonnansie word dit duidelik gestel dat die kerk in die geheel van die gemeenskap as 'a mere voluntary association' bestaan (Pont 1991:262).

'n Vrywillige vereniging word gedefinieer as 'n regsverhouding wat ontstaan as gevolg van 'n ooreenkoms tussen drie of meer persone ten einde 'n gemeenskaplike, en oorwegend nie- winsgewende doel te bereik (Bamford 1971:97). In *In re Cape of Good Hope Permanent Building Society* word 'n vrywillige vereniging as 'n kontrak *sui generis* beskou wat nie binne enige van die bekende kategorieë van kontrakte in ons reg val nie (336).

Indien na die persoonlikheid van vrywillige verenigings gekyk word, word die volgende klassifikasie aangetref:

* statutêre verenigings, dit wil sê verenigings wat geregistreer is as maatskappye en onderworpe is aan maatskappyewetgewing;
* verenigings met regspersoonlikheid wat as regspersone in die gemene reg ontwikkel het en as *universitates* bekendstaan; en
* verenigings wat as oningelyfde verenigings in die gemene reg bekendstaan (kyk Bamford 1971:105).

In *Webb & Co Ltd v Northern Rifles, Hobson & Sons v Northern Rifles* stel die hof die verskil tussen 'n vereniging met regspersoonlikheid (*universitas personarum*) en 'n oningelyfde vereniging soos volg:

> An *universitas personarum* in Roman-Dutch law is a legal fiction, an aggregation of individuals forming a *persona* or entity, having the capacity to acquire rights and incurring obligations to a great extent as a human being. An *universitas* is distinguished from a mere association of individuals by the fact that it is an entity distinct from the individuals forming it, that its capacity to acquire rights or incur obligations is distinct from that of its members, which are acquired or incurred for the body as a whole, and not for the individual members.
>
> (464-465)

Die hof beslis in die Jacobs-saak dat die kerk, synde 'n vrywillige vereniging daargestel word op 'n *kontraktuele basis* tussen sy lede (lidmate) en die vereniging self. Die hof beslis verder dat 'the constitution of an association, together with all its rules and regulations, collectively constitutes the contract which is entered into by its members' (173).

Hierdie 'kontrak' in terme waarvan 'n vrywillige vereniging funksioneer bepaal volgens die hof die aard en omvang van die vrywillige vereniging se bestaan en aktiwiteite, skryf die magte voor van sy ampsdraers en reguleer en begrens die regte van sy lede. In hierdie opsig geld dieselfde beginsels by die kerk wat in die kontraktereg geld.

Die kerk word dus net soos die 'jockey club' in dié breë kategorie, naamlik 'vrywillige verenigings' geplaas. Dit is wel so dat 'n hof nie die huishoudelike reëls van die kerk sal ignoreer nie. Dit is bevestig in die *Jacobs*-beslissing, sowel as in die onlangse uitspraak in Groot Brittanje in die saak van *Regina v Chief Rabbi of the United Hebrew Congregation of Great Britian and the Commonwealth, Ex parte Wachmann*, 'n beslissing van die Queen's Bench. Die hof beslis dat die staat nie sal inmeng in die huishoudelike sake van 'n kerk nie, veral waar dit gaan oor 'n saak soos die funksies van 'n rabbi; iets wat volgens die hof hoofsaaklik van 'n religieuse aard is. Die hof sal slegs intree indien 'n regeringsbelang ter sprake is en daar 'n publiekregtelike karakter te vinde is in die funksies van 'n rabbi (of hoofrabbi). Die hof stel dit uitdruklik dat die hof nouliks in 'n posisie is om sake te reguleer wat hoofsaaklik religieus van aard is en dat '[T]he court must be inevitably be wary of entering so self-evidently sensitive an area, straying across the well-recognized divide between church and state' (1042).

Barrie (1993:408-409) stel dat hierdie beslissing as 'n verrassing kom, synde die Suid-Afrikaanse howe nog altyd die uitgangspunt gehandhaaf het dat hulle die bevoegdheid het om 'n kerk se dissiplinêre aksies te hersien. So het ons howe in onder andere die *Theron*-beslissing beslis dat 'n hof wel die bevoegdheid het om die dissiplinêre aksies van 'n kerklike liggaam te hersien. Soos Wiechers (1984:77) dit stel tree die howe 'dikwels meer kordaat en indringend' op wanneer die werksaamhede van vrywillige verenigings aan geregtelike toetsing onderwerp word. Dit sal interessant wees om te sien of ons reg die Engelse reg sal volg op laasgenoemde punt, veral in die lig van die uitgangspunt wat ons reg sedert die Theron-saak volg.

## 3. DIE STANDPUNT VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk is die uitgangspunt van die reg van 'vrywilligheid' en 'vrywillige vereniging' om die minste te sê, problematies. Ander kerke het ook reeds hulle besware in hierdie verband gelug (Pienaar 1984:33-40; Fourie 1973:132). Om verder boonop van 'n 'kontrak' tussen die vereniging en die lid-(maat) te praat, vererger sake des te meer. Laasgenoemde impliseer immers dat lidmaatskap dan ook (ligweg en eensydig) opgesê kan word.

Die standpunt van die Nederduitsch Hervormde Kerk word vervat in die Bybel, asook in die drie formuliere van Enigheid en die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Artikel 1 van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk bepaal dat die Nederduitsch Hervormde Kerk hom grond op die Bybel as Woord van God (*Kerkwet en Bepalings* 1992, art 1). Die Nederduitsch Hervormde Kerk bely dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n openbaring is van die een heilige, algemene Christelike kerk (Kerkwet 1992, art 1). Die belydenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk word uitgedruk in onder andere die *Heidelbergse Kategismus*. Letterlik beteken die woord kerk 'die gemeenskap van gelowiges'. Die kerk is 'n heilige vergadering van almal wat in Christus glo (NGB, art 27). So staan in 1 Korintiërs 3:23 dan ook 'maar julle behoort aan Christus en Christus aan God'. Om aan die kerk te behoort is dus om aan Christus te behoort, en om aan die Here te behoort beteken om 'n lewende lid van die kerk te wees omdat die gelowige deel is van die gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (HK Sondag 21, Vraag 54).

Lidmaatskap van die kerk is dus iets eiesoortig (Müller [1982]:38). Die individu (sondaar) word lid (lidmaat) omdat Jesus Christus hom deur die Heilige Gees en deur sy Woord daartoe bring. In die skoot van die kerk wil God sy kinders versamel (Simpson 1991:1266). Die kerk is tot stand gebring deur God en word deur Hom in stand gehou (NGB, art 27). Die kerk is dus 'n gegewe, want dit staan op God se uitverkiesing en kan dit net so min as sy ewige voorsienigheid verander of beswyk (Simpson 1991:1270). Dus, al sou die hele wêreldstruktuur wankel, sal die die kerk nooit in duie stort of tot 'n val kom nie.

Die kerk berus ook nie op kontrak nie. Veel eerder berus die kerk op interne verbandsreg (*ius constititum en ius constituendum*; Pienaar 1982:254; Van der Linde 1965:107). Dit vorm dus die objektiewe reg waaraan die lidmate hulle moet onderwerp (Pienaar 1984:4). Die lidmate verbind hulle nie kontraktueel aan mekaar nie, maar hulle onderwerp hulle aan die gesag van God en die gesagstruktuur wat God in die plaaslike kerk na vore kom (Pienaar 1984:39). Die kerk verskil dus van die gewone vrywillige vereniging deurdat die kerk op 'n eiesoortige wyse byeenkom en funksioneer.

Die vrywilligheidsbeginsel wat bestaan by verenigings wat op kontrak berus, is nie op die kerk van toepassing nie. Baxter (1984:101) gaan eenvoudig van die aanname uit dat die basis waarop die magte van 'n dissiplinêre liggaam van die kerk rus, kontraktueel van aard is, sonder om hierdie aanname te motiveer. Dit word gedoen omdat die kerk sonder meer binne die breë kategorie van vrywillike verenigings geplaas word, en by laasgenoemde dit wel die geval is. Die lidmate van 'n kerk verbind hulle nie kontraktueel aan mekaar nie, maar onderwerp hulle aan 'n bepaalde ideële doelstelling (Pienaar 1984:39). Daar is nie sprake van 'n oor-

eenkoms nie; nie met mekaar nie, en ook nie met God nie. Die kerk is gebind deur die geloof, gemeenskaplike belydenis en liefde tussen die gelowiges (Roeleveld 1977:52). Die kerk het 'n ewigheidsbestemming en die lidmate word deur God uitverkies (Fourie 1973:132; Spoelstra 1977:50). Daar kan slegs sprake wees van 'n geloofsgemeenskap wat hulleself aan die voorskrifte van God onderwerp (Pienaar 1982:257).

Omdat die kerk met die standvastigheid van Christus verbind is, sal Hy nie toelaat dat sy gelowiges (lidmate) van Hom (en dus van sy kerk) losgeskeur word nie (Simpson 1991:1270). Netso mag die lidmaat hom ook nie afskei van die kerk nie (NGB, art 28). Niemand is dus geroorloof om ongestraf die gesag van die kerk te verag, of die vermanings te verwerp, of die advies daarvan te weerstaan of die tug daarvan te bespot nie (Simpson 1991:1281). Nog minder mag iemand van die kerk afvallig word (of die eenheid van die kerk verwerp).

Laasgenoemde is 'n ondubbelsinnige en onverbiddelike eis, en staan lynreg teenoor 'n wêreldse hof se uitspraak dat 'n lid(maat) die 'kontrak' kan opsê. Prinsipieel besien is die vergadering van gelowiges nie 'n willekeurige of vrywillige byeenkoms nie, maar is dit 'n vergadering van uitverkorenes wat uit gehoorsaamheid aan Gog byeenkom (Pienaar 1984:38). Van vrywilligheid is daar gevolglik nie sprake nie, van 'n vereniging ('n gemeenskap van gelowiges) wel. In die lig van bogenoemde kan daar nie sprake wees van 'n 'vrywillige vereniging' nie. Die kerk staan ook nie los van sy lede (lidmate) nie, maar groei saam in een liggaam (Ef 4:16), en is van mekaar afhanklik soos ledemate van een en dieselfde liggaam (1 Kor 12:12). As dit dus uitdruklik verklaar word dat die gelowiges (lidmate) die 'liggaam van Christus' (1 Kor 12:27) is, beantwoord dit ook die stelling dat die kerk 'n *universitas personarum* (regspersoon) is. Die kerk is ook nie 'n regspersoon nie (Roeleveld 1979:29). Die kerk is nie 'n entiteit wat afsonderlik van sy lede bestaan nie.

## 4. DIE OPLOSSING

Die howe het veral in die twintigste eeu eenvoudig van die standpunt uitgegaan dat die kerk 'n vrywillige vereniging is wat op kontrak berus, sonder om op die uniekheid van die aard en die funksionering van die kerk te let. Daar is reeds op die gebreke van so 'n uitgangspunt gewys.

Die eerste vraag wat beantwoord moet word, is of dit enigsins nodig is vir die Nederduitsch Hervormde Kerk om aan te dring op die feit dat hy 'n vereniging *sui generis* is. Daar kan naamlik geargumenteer word dat dit tog algemene kennis is wie en wat die kerk is, en dat dit reeds 'geykte reg' is dat die kerk sy eie besondere 'arbeidsveld' het (Van der Vyfer 1972:90). Die kerk sou dalk ook gewoon soos

Dooyeweerd (1953-1958:556) kon argumenteer dat die 'ware interne kerkreg' hom nie deur die staat laat sanksioneer nie. Op hierdie vraag is die antwoord eenvoudig dat die Nederduitsch Hervormde Kerk hom juis wil onderskei vàn die gewone wêreldlike vereniging. Die Nederduitsch Hervormde Kerk verwerp die beginsel van vrywilligheid soos die gewone vrywillige vereniging dit ken, en die kerk as vereniging berus ook ten ene maal nie op kontrak nie. Vir die howe om hierdie uitgangspunt te handhaaf, is om die feitelike van die kerk eenvoudig te ontken of te verontagsaam.

'n Verdere vraag is of 'n verandering in standpunt die regsposisie enigsins sal beïnvloed. Ek is van mening dat die howe, indien hulle die Nederduitsch Hervormde Kerk as 'n vereniging *sui generis* sal beskou, meer geneig sal wees om die Nederduitsch Hervormde Kerk nie bloot as nóg 'n wêreldlike vereniging te beskou nie, maar meer bedag sal wees op die interne verbandsreg van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit beteken nie dat die Nederduitsch Hervormde Kerk hom sal kan kwytskeld van die reëls van natuurlike geregtigheid nie; trouens die teendeel sal steeds die geval wees (Wiechers 1984:77; Baxter 1984:341). Die howe behoort toenemend kennis te neem van die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n kerklike (unieke) vereniging is, en sy eie huishoudelike reëls het.

## 5. PRAKTIESE IMPLIKASIES VIR DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Die reg behoort kennis te neem van die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk nòg 'n vrywillige vereniging is, nòg op kontrak berus. Die *Regina*-saak kan, indien dit deur ons reg nagevolg word, daartoe bydra. Nie alleen sal die reg 'n toenemend kleiner rol speel by die beoordeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk as vereniging nie, maar sal die howe kennis moet neem van die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n vereniging *sui generis* is. Die Nederduitsch Hervormde Kerk kan deur middel van bydraes van teoloë en regslui, asook deur homself in die Kerkwet as 'n vereniging *sui generis* te beskryf, daartoe bydrae dat die reg daarvan kennis neem. Die howe behoort in elk geval kennis te neem van die feit dat hulle aanname op 'n onaanvaarbare uitgangspunt berus.

Alhoewel die *Regina*-saak in besonderhede oor lidmaatskap en die bevoegdheid om as leraar diens in die kerk te verrig gehandel het, het die saak opnuut die eie aard van die kerk beklemtoon. Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal, indien ons reg die *Regina*-saak volg, toenemend die uitsluitlike bevoegdheid hê om in terme van sy eie konstitusie (Kerkwet) met lidmate en ampsdraers (en gewese lidmate) te handel, sonder om inmenging van regsweë af, te vrees. Hierdie uniekheid is nie beperk tot lidmaatskap nie, maar spruit uit die ontstaan en wese van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

## 6. GEVOLGTREKKING

Die howe het, as gevolg van Engelsregtelike beïnvloeding en ook as gevolg van die nalatenskap van De Mist, die verkeerde uitgangspunt gevolg deur die kerk bloot as 'n vrywillige vereniging te beskou. Deur meer noukeurig te let op die oorsprong en wese van die kerk, sal dit algou duidelik word dat die kerk 'n vereniging *sui generis* is, met sy eie unieke samestelling en huishoudelike reëls. Kerke behoort hulleself as sodanig te definieer sodat die howe daarvan kennis kan neem. Regskrywers kan in rubrieke waar vrywillige verenigings onder bespreking is, toenemend na die kerk as 'n verdere maar afsonderlike kategorie verwys. Die kerk se verhouding met sy lidmate behoort dan ook nie in kontraktuele terme ingeklee te word nie, maar kan op die unieke betekenis van hierdie 'kontrak' gewys word.

Die kerk sal homself slegs na die vereistes van die burgerlike reg en 'n wêreldse hof skik vir sover sodanige vereistes in ooreenstemming is met die kerk se siening oor homself. Daarom kan die kerk nie die uitgangspunt van die howe aanvaar dat die kerk 'n vrywillige vereniging is nie.

Alle verenigings het 'n eie struktuur, funksie en interne gesag (Wiechers 1984:77). Die kerk verskil in aard en wese, sy struktuur, funksie, handelinge en interne gesag asook in sy doel van die wêreldlike vereniging. Die Nederduitsch Hervormde Kerk is dus geregtig op die aanspraak om as 'n vereniging *sui generis* beskou te word.

**Literatuurverwysings**


Bamford, B 1971. *The Law of partnerships and voluntary associations in South Africa*. Kaapstad: Juta.

Barrie, G N 1993. Recent English cases. *De Rebus*, 408-409.

Baxter, L 1984. *Administrative law*. Kaapstad: Juta.

Ciliers, H S & Benade, M L (reds) 1987. *Korporatiewe reg*. Durban: Butterworths.

Dooyeweerd H, 1953-1958. *A new critique of theoretical thought, Vol 3*. Amsterdam: Philadelphia.

Fourie, D C G 1973. Die Nederduitsch Gereformeerde Kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse privaatreg. Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

In re Cape of Good Hope Permanent Building Society (1898) 15 SC 323.

Jacobs v Old Apostolic Church of Africa and Another 1992 4 SA 172 (T).

Joubert, W A (ed) 1976. *The law of South Africa*. Durban: Butterworths.

Müller, J J P [1981]. Is die kerk volgens kerkregtelike beginsels 'n universitas of 'n societas? *HTS* 37, 38-42.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1951. *Kerkwet en Bepalings*. Pretoria: Gutenberg.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1987. *Diensboek*. Pretoria: Kital.

Oelofse, J C [1981]. Die kerk universitas of societas juridies besien. *HTS* 37, 49-54.

Pienaar, G 1982. Die gemeenregtelike persoon in die Suid-Afrikaanse privaatreg. Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Pienaar, G 1984. Die regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1). *In die Skriflig* 18/70, 33-40.

Pienaar, G 1984. Die regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (2). *In die Skriflig* 18/71, 2-18.

Pont, A D 1981. Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria: HAUM.

Regina v Chief Rabbi of the United Hebrew Congregation of Great Britian and the Ricardo v Commonwealth, Ex parte Wachmann (1992) 1 WLR 1036 (QB).

Ricardo v Jockey Club of South Africa 1956 3 SA 35 1 (W).

Roeleveld, L 1979. Opmerkings omtrent die regskarakter van die meerdere vergaderinge van die Gereformeerde Kerke. *In die Skriflig* 13/49, 27-36.

Roeleveld, L 1980. Die Gereformeerde kerkverband as societas van plaaslike gemeentes. *In die Skriflig* 14/53, 5-26.

Simpson, H W 1991. Institusie van die Christelike godsdiens deur Johannes Calvyn. Potchefstroom (Calvyn Jubileum Boekefonds, Vol 4.)

Society of Advocates and Another v Knox and Others 1954 2 SA 246 (N).

Spoelstra, B 1977. Die gesag van die sinode. *In die Skriflig* 11/44, 45-63.

The Nederduitsch Hervormde Congregation of Standerton v The Nederduitsch Hervormde or Gereformeerde Congregation of Standerton 1893 SAR 69.

Theron v Ring van Wellington van die NG Sendingkerk in SA 1976 2 SA 1 (A).

Van der Vyfer, J D 1972. *Die juridiese funksie van staat en kerk*. Durban: Butterworths.

Van der Linde, G P L 1965. *Die grondbeginsels van die presbiterale kerkregeringstelsel*. Potchefstroom: Pro Rege.

Webb & Co Ltd v Northern Rifles, Hobson & Sons v Northern Rifles 1908 TS 462.

Wiechers, M 1984. *Administratiefreg*. Durban: Butterworths.